STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

22 JULIE 2018

GEMEENTEBULLETIN

OGGENDDIENS
'n Nuwe mensheid
(Efesiërs 2:11-22)

GESINSDIENS
Uithou en aanhou
(Kol. 1:9-11)

JEUGDIENS
Prins of slaaf
(Galasiërs 4:7)

DEUROFFER
Die Instituut vir Dowes is in 1881 deur die NG Kerk gestig om dowes in taal te onderrig. By die instituut in Worcester word ook meervoudig gestremde volwassenes gehuisves.

EREDIENSTE

			22 Julie		29 Julie	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Duvenhage	3	Bevestiging ds. René Potgieter	4,6
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Breytenbach	9	Geen diens	-
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Geen diens	-
19:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Kotze	-	Ds. Kotze	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Duvenhage	13	Ds. Potgieter	11

BEVESTIGING VAN DS. POTGIETER

Ds. René Potgieter word op Sondag 29 Julie om 09:00 tydens die oggenddiens bevestig. Neem asb. kennis dat daar geen gesins- of meditatiewe diens op 29 Julie sal wees nie. Almal skakel by die 09:00 oggenddiens in. Lidmate word uitgenooi om na afloop van die erediens persoonlik vir ds. Potgieter en haar gesin, tydens 'n geselligheid in die markplein te ontmoet.

BYBELSKOOL – DERDE KWARTAAL

Die woord Genesis beteken "begin" of "oorsprong". In die volgende ses weke gaan ons Genesis se verhale ondersoek en kyk hoe God se lewensasem in die hele skepping uitgebeeld word. Dit sal ons 'n nuwe perspektief oor ons eie plek binne die skepping bied.

Datums: Dinsdagaande (14,21,28 Aug. en 4,11,18 Sept.) om 19:00-20:30
Plek: Stellenberg Kleinsaal Koste: R30 donasie vir afdrukke
Inskrywings: Karin Barter 021 976 4519 of karin@stellenberg.co.za
Aanbieder: ds. Marius Breytenbach

[ONS GLO . . .]

JEUGDAGBOEK

- JEUGDIENS: begin om 18:00 met kleingroepe wat daaruit voortvloei. Dit is ook 'n uitreikterugvoerdiens en ons nooi alle uitreikers en hul ouers om die diens by te woon en na die diens in die Markplein saam te kuier.
- SENIOR KLEINGROEPLEIERS: Kleingroepleiers (graad 8 - 11) kom om 17:30 bymekaar en alle graadleiers ontmoet om16:30.
- ANNIBRAND KLEINGROEPE: Vir jong volwassenes, kom op Woensdae om 18:30 bymekaar. Kontak jeugkantoor vir info.
- BLISS: Groep vir jong volwassenes kom Sondae 16:45 bymekaar, met selgroepe Woensdae om 18:30. Kontak jeugkantoor vir meer info.
- DELFT-UITREIK: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.
- BELYDENISKAMP: 31 Augustus – 2 September. Inskryfvorms is by die jeugkantoor beskikbaar. Ons benodig ook leiers. Skryf asb. so gou moontlik in.
- BELYDENISAFLEGGING: 19 Augustus. Aansoekvorms is by die jeugkantoor beskikbaar.
- REACH-WEEK: 13 – 16 Augustus

FRANCOIS CARR 17 & 18 AUG.

Dr. Francois Carr bied 'n een-en-'n-halfdag werkswinkel aan met die tema: Lewe in kontak met God. Koste: R250 per persoon, sluit materiaal en verversings in. Besprekings: milda@stellenberg.co.za of 021 976 4519

VATVYF BYEENKOMS 1 AUG. 10:00

Kom luister na die interessante lewe van 'n hondehanteerder in die SAPD. Adjudant-offisier Francois Kritzinger, lidmaat en hondehanteerder vertel van die spanning en uitdagings in dié spesiale eenheid. Geen besprekings, daag net op. Tee en verversings vanaf 09:30 in kleinsaal.

PLANTETAFEL VANOGGEND 10:00

Neem gerus 'n plantjie in ruil vir 'n donasie.

KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1: Kleinsaal

Graad 2 & 3: Grootsaal

Graad 4 7: Jukebox in die kerk.

Graad 8: Jeuglokaal

Graad 9: Kerk

Graad 10: Grootsaal

Graad 11: Kleinsaal

BREIGROEP

Die groep kom Maandag 6 Augustus om 09:30 in die Markplein byeen.

Kontak Ria
083 519 0602 met enige navrae.

WOLSKENKINGS

Ons vlytige breigroep benodig wolskenkings. Enige bruikbare en skoon wol is welkom. Gee asb. by die kerkkantoor af. Kontantbydraes vir wol kan ook by die kerkkantoor inbetaal word, of EFT na ABSA Tjekrekening 145 058 0011 en gebruik WOL as verwysing.

ONS BID VIR MEKAAR

Etienne van Wyk, Mosellestraat. Hy is in Cape Gate Mediclinic opgeneem na 'n ernstige fietsongeluk.

MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Hester Neethling, gebore 25/01/1927 en oorlede op 18/07/2018. Sy is sedert 2001 'n lidmaat van die gemeente en haar roudiens was op Vrydag 20 Julie by Edelweiss.

BYBELSTUDIEGROEP VIR VROUE

'n Bybelstudiegroep vir vroue word tydens die skoolkwartale elke Maandagoggend om 10:00 in die kleinsaal aangebied. Nuwe lede is altyd welkom.

GEBEDSGROEPE

- Maandag om 09:15 Vrouebiduur in die gebedskamer.
- Dinsdag om 19:00 gebedsbyeenkoms in die kapel.
- Donderdag om 06:00 gebedsbyeenkoms vir mans in markplein.

GEMEENTENUUS

Ons skakel graag elektronies met lidmate en stuur weekliks die bulletin en maandeliks die Stellenberger aan almal op ons verspreidingslys. Indien jy nie die inligtingstukke ontvang nie, stuur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za of kontroleer vanoggend na die erediens by die inligtingstoonbank of jou gegewens korrek is. Gedrukte weergawes word ook in die voorportaal van die kerk en kleinsaal geplaas vir almal sonder e-posse.

EREDIENSWERKER BY AANDDIENSTE

Ons benodig 'n eredienswerker by die aanddiens om 19:00 in die kapel. Kontak Odette by odette@stellenberg.co.za/ 021 976 4519 indien jy kan help.

SPREEKKAMER TE HUUR

Die Stellenberg Ondersteuningsentrum het spreekkamerruimte te huur vir 'n kliniese sielkundige wat spesialiseer in spelterapie en evaluering van kinders. Kontak Rudolph van Schoor 082 854 4530.

EDELWEISS BYBELSTUDIE

26 Julie

15:00 en 15: 45

Handelinge 13

Paulus vat die pad . . .

EDELWEISS HUISBYEENKOMS

29 Julie om 18:00

Fil. 2:12 – 18

'n Vars asempie . . .

EDEN ALTERNATIVE

bied aan:

'n Gratis inligtingsessie op Donderdag 26 Julie van 15:00 tot 16:00 oor die revolusionêre versorging van bejaardes. Bespreek plek by Magda/ Wendy 021 461 7754.

EDELWEISS BAK

PANNEKOEK

Vrydag 27 Julie

Bestellings kan by Berna Bosman 021 976 1150 geplaas word tot en met Woensdag 25 Julie om 10:00.

Pannekoek kos R5 elk.

MANNEKAMP 9 TOT 11 NOVEMBER

Hou die datums oop. Kom beleef geestelike verdieping, saamwees en 'n geleentheid om die Heilige Gees weer te ervaar. Ons hoop om die mannekampe te laat herleef en hierdie is die eerste aanbieding. Koste: R950.00, sluit etes en materiaal in. Navrae: Retief Ueckermann 082 498 3448. Besprekings: Lindy by 021 976 4519 of lindy@stellenberg.co.za, R400 deposito.

HELPERS BENODIG

- **Teetuin:** Indien jy bereid is om een keer per kwartaal met 'n diensbeurt by die teetuin te help, kontak asb. vir Lindy by lindy@stellenberg.co.za
- **Sekuriteit:** Indien jy bereid is om op aflosbasis behulpsaam te wees met die oppas van motors tydens eredienste, kontak asb. vir Lindy by lindy@stellenberg.co.za. Ons sekuriteitspan raak al kleiner en ons het werklik hulp nodig.

SONSTRAAL-GEMEENTE BIED AAN

'n Kursus in egskeidingsbegeleiding vir persone wat reeds geskei is, of besig is om te skei. Die kursus word vanaf 16 Aug. een maal per week oor 13 weke aangebied. Koste: R150 per persoon, sluit werkboek in. Aanbieder: Eugene Malan. Inskrywings voor 13 Aug. by Belinda Beukes, kommunikasie@sonstraal.org.za of 021 976 1236.

BADISA BIED AAN

Doeltreffende ouerskap, aangebied deur Karen Badenhorst.

Die kursus begin op Dinsdag 7 Augustus en strek oor vier weke, elke Dinsdagaand by NG Kerk Heidekoppie, Brackenfell.

Die hantering van 'n kind se emosies, dissipline, vestiging van 'n waardesisteem en ongehoorsaamheid, sal bespreek word. Koste: R50 per sessie. Bespreek jou plek by Sjean Smit 021 987 2940 of info@badisatrio.co.za

STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator
- Musiekterapeut

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za

HARTLIK GELUK

Ons wil graag vir Katie Kitshoff gelukwens. Sy word vandag 104 jaar oud en is amptelik die oudste aktiewe lidmaat van die gemeente. Sy woon in Edelweiss.